# Desember / Januarie Vakansie

| Datum | 09:00 (Kerk) | Aand 18:00 (Saal) |
|---|---|---|
| 15 Des | Wihan Rossouw | Geen |
| 22 Des | Ds Francois Esterhuizen | Geen |
| 25 Des | Ds Sonet Dippenaar (Kersdagdiens) - **08:00** | |
| 29 Des | Ds Sonet Dippenaar | Geen |
| 31 Des | Ds Sonet Dippenaar (einde van die jaardiens) - **18:00** | |
| 05 Jan 2025 | Ds Sonet Dippenaar | Geen |
| 12 Jan 2025 | Ds Francois Esterhuizen | Geen |

## Leraars met Verlof

- ❐ Ds Sonet Dippenaar - 9 tot 23 Desember 2024.
- ❐ Ds Francois Esterhuizen - 12 tot 21 Desember en 24 Desember tot 10 Januarie 2025.

Prop Wihan Rossouw sal vanaf 12 tot 21 Desember krisisse, begrafnisse en hospitaalbesoeke hanteer. Kontak **Wihan by 069 355 1281** gedurende hierdie tydperk (12 - 21 Desember). Na 21 Desember kontak leraar aan diens.

## KERSDAGKOLLEKTE

Hierdie jaar word die Kersdagkollekte vir Raslouw se koskas aangewend.

Indien jy nie op Kersdag hier is nie en graag steeds 'n bydrae wil maak, plaas dit in 'n koevert, gemerk "Kersdag Kollekte" en plaas dit in die kollektebordjie of handig dit in by die Kerkkantoor. U kan dit ook elektronies oor betaal met verwysing "Kersdag".

## Begrafnishulp gedurende die Desember-/Januarievakansie

Indien jy gedurende die Desember-/Januarievakansie tuis is en kan help met broodjies maak, tee/koffie skink, ens vir begrafnisse, skryf asseblief jou naam en tyd beskikbaar op die lys in die voorportaal.

**Navrae:** Lynette Venter – 082 567 5588

## Bybelskool 2025

Die Bybelskool begin op 28 Januarie 2025 om 09:00 in die konsistorie. 2 Korintiërs word bespreek.

Vir verdere navrae skakel ds Francois (082 786 9674).

## BANKBESONDERHEDE

**Bank** : ABSA Mall @ Reds
**Rekeningnaam** : NG Raslouw
**Rek, No.** : 3260141111
**Verwysing** : Voorletters, Van, Wykno en waarvoor

## Kantoor sluit vir Desembervakansie

Die kerkkantoor sluit vanaf Dinsdag, 17 Desember 2024 en open weer op Maandag, 6 Januarie 2025.

Indien jy enige dienste/navrae van die kantoor nodig het, skakel asseblief voor 13 Desember 2024.

## Verjaardae


Graag wil ons al Raslouw se lidmate wat gedurende die Desember 2024- en Januarie 2025-vakansie verjaar gelukwens en God se rykste seën en 'n voorspoedige nuwe lewensjaar toebid.

**Gebed vir die siekes en Algemene Pastoraat**

"So donker soos ons 'NAG' vir ons mag lyk - Skep moed en weet ons ***SKEPPER GOD*** kan die donkerste oomblik in die helderste lig van nuwe vreugde en lewensblyheid verander."

**Bid asseblief vir**

- ✝ Almal wat siek is.
- ✝ Gesinne wat in hierdie tyd iemand aan die dood afgestaan het.
- ✝ Lidmate wat sukkel met gesondheid.
- ✝ **Al ons lidmate wat op reis gaan.**





**7 - 9 Februarie 2025**
**Kokoriba Oord**

***Die Gemeentekamp vind vanaf 7 tot 9 Februarie 2025 plaas by Kokoriba Oord. Die oord is 38 km vanaf Brits, 68 km vanaf Sun City, 54 km vanaf Rustenburg en 120 km vanaf Pretoria.***

### Staanplek (25 x staanplekke):

Kamp staanplek per nag @ R585.00 (4 persone) (R1 170.00)
Kamp staanplek per nag @ R415.00 (2 persone) (R830.00)
Ekstra volwassene op 'n staanplek @ R130.00 per nag
Ekstra kind op 'n staanplek @ R100.00 (2 tot 11 jaar) per nag

### Chalets

**Kudu (6 x chalets)**

Kudu per nag @ R1 870.00 (slaap 4) (R3 740.00)

**Oukamp (7 x chalets)**

Oukamp 1 & 3 (slaap 4) @ R1 590.00 per nag (R3 180.00)
Oukamp 2 (slaap 6) @ R2 250.00 per nag (R4 500.00)
Oukamp 4, 5 & 6 (slaap 5) @ R1 870.00 per nag (R3 740.00)
Oukamp 7 (slaap 2) @ R1 285.00 per nag (R2 570.00)

**Betaling word aan die kerkkantoor gedoen (gemerk "Gemeentekamp" en tipe akkommodasie).**

Indien vroeër of later gekamp word, is dit 'n direkte reëling met Kokoriba (7 tot 9 Februarie 2025 se koste word steeds by die kerkkantoor inbetaal).

Begin nou al spaar en betaal jou akkommodasie so gou as moontlik (ligter op die beursie gedurende Januarie 2025). Die chalets en staanplekke is bymekaar.

**Geriewe:**

Warm en koue swembaddens. Groot Lapa vir ons gebruik. Water glyplanke. Wildbesigtiging. Groot verskeidenheid voëlspesies.

**Meer inligting en program sal gereeld gekommunikeer word.**

Vir enige navrae skakel Louis Buys (076 294 5252)